DAG 9

Die woestyn leef weer

Lees Psalm 84.

Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur 'n dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëninge bring (v. 7).

Die Here belowe om die gelowiges nooit te los nie. Hy sal ons altyd lei. Selfs in dor plekke sal Hy ons verkwik. Ons sal wees soos 'n goed besproeide tuin en soos 'n fontein waarvan die water nooit sal opdroog nie.

Dit wat uit ons kom, sal 'n positiewe invloed op die wêreld rondom ons hê. So word ons instrumente in die Here se hand. Lewende waters vloei deur jou na andere toe. Die Here gebruik jou om die stukkende wêreld rondom jou te herstel. Jy laat die woestynland herleef.

Die Gees van die Here wat in jou leef, maak jou 'n bron van seën vir almal rondom jou. Jy is 'n bly mens in 'n moeë samelewing. Nou is jy die een wat die Here se heerlikheid in jou leefwêreld indra. Waar jy deur 'n dorre laagte trek, bring jy

die lafenis van sy seëninge. Jy maak jou wêreld een groot fonteinland. Omdat jy uit die bron drink wat nooit teleurstel nie, gaan jy van krag tot krag. Die Here is jou son en skild. Hy gee genade en weerhou die goeie nie van jou nie. Jy word omvou in sy heerlike liefde, net omdat jy in opregtheid saam met Hom leef.

Here, dankie dat ek saam met U kan leef. Die meetsnoere het vir my in mooi plekke geval. My erfenis is vir my mooi.

Aantekeninge: